

## VOUBILJET

### SLEGS VIR DIEREGERBRUIK

Nobilis® ND Clone 30

Reg. Nr. G2466 (Wet 36/1947)  
Namibië Reg. Nr. V98/24.3/672 S0

'n Lewendige, gevriesdroogde entstof wat aangedui word vir die inenting van hoenders teen Newcastle Siekte. Dit word deur die growwe sproei of oog druppel metode toegedien.

#### BerGING

- Berg in die donker tussen 2 °C en 8 °C. Moenie vries nie.
- Vermyn lang en herhaalde blootstelling aan hoë omgewings temperature nadat die entstof uit die yskas gehaal is voor gebruik.
- Beskerm teen direkte sonlig.

#### Samestelling

Nobilis® ND Clone 30 bevat 'n gevriesdroogde entstof virus stam Clone 30.

#### Inhoud

Elke dosis, bevat ten minste  $10^6$  EID<sub>50</sub> van die Newcastle Siekte entstof virus stam Clone 30. Die entstof pilletjie bevat stabiliseerders en gentamisien.

#### Waarskuwings

- Daar moet nie binne 21 dae voor slag ingeënt word nie.
- Die entstof moet nie gelyktydig met of binne 7 dae na inenting met ander lewendige entstowwe toegedien word nie.
- Dit word aanbeveel dat alle hoenders op die plaas terselfdertyd ingeënt word.
- As dit nie moontlik is nie, moet die ingeënte hoenders van die nie-ingeënte streng apart gehou word. Sodoende sal die verspreiding van die entstof virus na die nie-ingeënte hoenders verhoed word.
- Vernietig alle ongebruikte, heraan gestelde entstof, leë entstof houers, naalde ens. deur bv. verbranding na voltooiing van die inenting.
- Gedeeltelike gebruikte entstof houers moet nie vir toekomstige gebruik bewaar word nie.
- Beskerm heraan gestelde entstof teen direkte sonlig.
- Die entstof moet nie met ander entstowwe gemeng word nie.
- Gebruik volgens die aantal dosisse soos op die etiket aangedui.
- Was en ontsmet die hande en toerusting na inenting.
- Hou buite bereik van kinders en oningeligte persone.
- Alhoewel hierdie entstof onder 'n wye verskeidenheid toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

#### Voorsorgmaatreëls

- Net gesonde hoenders mag ingeënt word.

- As die sproei metode gebruik word vir die toediening van die entstof, moet daar gesorg word dat daar geen chloor, yster of ontsmettingsmiddels in die water is nie.
- As die sproei metode gebruik word, moet daar gesorg word dat die sproei toestel vry is van afsaksels, roes en spore van ontsmettingsmiddels.
- Elke flesie moet onmiddellik nadat dit oopgemaak is, gebruik word.
- Dit is goeie inentingspraktyk om kontak met die oë, hande en klere te vermy wanneer die entstof hanteer word.

### Gebruiksaanwysings

Gebruik alleenlik soos aanbeveel.

### Toediening

Die entstof mag deur sproei of oogdruppel toediening, toegedien word. (Vir oogdruppel toediening mag die Intervet Oculo-Nasal Oplosmiddel gebruik word.)

#### A. Sproei Metode

Die entstof moet in koel, skoon ongechlorineerde water, wat vry is van yster en chloor, opgelos word. Die flessies moet onder die water oopgemaak word. Die sproei toerusting moet van afsaksels, roes en spore van ontsmettingsmiddels vry wees (verkieklik moet dit vir inentings doeleindes alleenlik gebruik word). Die entstof behandelde water moet eweredig oor die korrekte aantal hoenders, met 'n afstand van 30 cm tot 40 cm gespuit word. Die hoenders moet verkieslik bymekaar in dowwe lig sit.

Los 1000 dosisse in een liter water op en stel die sproeikop om fyn druppeltjies, wat soos fyn reën sal val, te gee. (Aerosol genereerders moet alleenlik gebruik word as dit bekend is dat dit veilig vir die hoenders is).

#### B. Oogdruppel Toediening

Die entstof word in fisiologiese sout oplossing opgelos of die Intervet oculo-Nasal oplosmiddel mag gebruik word en word deur middel van 'n gestandariseerde drupper (gewoonlik 30 ml per 1000 dosisse) toegedien. Een druppel moet op 'n hoogte van 'n paar sentimeters op een oog toegedien word. Die oogdruppel moet toegelaat word om oor die hele oppervlakte van die oog te spreid. Die oplosmiddel bevat 'n kleurstof (patent blue) wat die kontrolering van korrekte inenting maklik maak. Die hoender moet nie losgelaat word voordat daar nie 'n sluk beweging waargeneem is nie.

3.

### Inentingsprogram

Die optimum tyd en metode van toediening sal grootliks afhang van die plaaslike toestande. Dit is daarom nodig om die advies van 'n veearts in te win.

### Immuniteit en Inentings Reaksie

Die duur en intensiteit van die inentings reaksie, en die vestiging van 'n vaste immuniteit, hang af van die immuniteit verkry van die primêre inenting en die algemene gesondheid en kondisie van die hoenders. Higiëne en bestuur in die nainentings periode is ook belangrik. 'n Bevredigende immuniteit teen Newcastle

siekte sal vir ongeveer 6 weke hou. In omgewings waar Newcastle siekte endemies is (hoë risiko areas), behoort 'n tweede inenting met Nobilis® ND Clone 30 binne ongeveer 2-4 weke na die eerste inenting gegee te word. Raadpleeg 'n veearts. Nood inenting gedurende die lê-periode mag met 'n verbygaande vermindering in eier produksie gepaard gaan.

Aanbieding

Flessies wat onderskeidelik 500, 1000, 2500 of 5000 dosisse bevat en in karton houers met 1, 2 of 10 flessies verpak.

Registrasiehouer

Intervet South Africa (Pty) Ltd.

Spartanweg 20,

Spartan, 1619

RSA

Tel: +27 (0) 11 923 9300

Faks: +27 (0) 11 392 3158

[www.msd-animal-health.co.za](http://www.msd-animal-health.co.za)

Vervaardig deur

Intervet International B.V.

Boxmeer, The Netherlands

Datum van Publikasie van hierdie Voubiljet: Februarie 1998

Zimbabwe Reg. No. E 94/80.23.10/9363
--------------------------------------